NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2024 

***DONKER WEB*** – Fanie Viljoen

**VRAAG 1 WEBBE**

1.1 Xander Gericke

1.2 A

1.3 Sportwetenskap/Sport

1.4 Dr. Rian Trollip

1.5 Die Baker/Mr. Elsewhere het anaboliese steroïede, ontwerpers-dwelmmiddels, gifstowwe, chemiese en biologiese wapens vervaardig/ gemaak/verkoop asook sy dienste uitgehuur vir "*covert medical research*". Hy was ook betrokke by "*noontropics*"/maniere hoe om die brein te *hack*/ slimmer te maak of jou geheue te verbeter. (bl. 187–188)

1.6 Greg het hom ontmoet toe hy vir Lisa, sy dogter, by Plank kom aflaai het.

1.7 Plank het dagga gerook/Hy was op dwelms/Hy was hoog op dwelms.

1.8 Vervalste rybewyse, huurmoordenaars, vuurwapens, gif, vervalste visums ... (enige onwettige ding wat 'n mens op die Donker Web kan aankoop)

1.9 Die Baker was al (vantevore) by onwettige virusse/gifstowwe ens. betrokke.

1.10 Die Baker het hulle laat weet dat hy weet dat dit hulle is wat hom probeer uitvang.

1.11 Schengen-**visums/**Europese Unie-visums/-visa/-visum
OF
'n vervalste paspoort.

1.12 Om wraak te neem vir wat in J-Bay gebeur het/ Om wraak te neem omdat Xander in Nicole se kamer was (dat Nicole hom verkul het met Xander).

1.13 Xander was in Chris Owen/ Greg se pa se studeerkamer.

1.14 Plank word doodgeskiet.

1.15 Ja, sodat sy pa nie alleen betaal vir hulle onwettige besigheid nie.
OF
Nee, Greg het sy ma, pa en vriende se lewens in gevaar geplaas. ('n Sinvolle motivering).

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2 OUER-KINDVERHOUDINGS

2.1
- Die pille wat John gedrink het, kom van PlusUltraMed/sy pa se maatskappy/ Hy het druk op John geplaas.
- Greg moes doelgerig wees/akademies sterk/'n uitstekende atleet wees.
- Hy was altyd weg vir werk/op besigheidsreise.
- Sy het die gordyne toegetrek en hard **geskree/**sit in sy kamer/sukkel om aan te gaan met haar lewe.
- Sy het 'n verhouding met 'n ander man/André Symington.
- Hulle het saam "*extreme sport*" gedoen/bungee-jump/whitewater rafting.
- Hy is in die tronk aangeval/gesteek met 'n mes en veg om sy lewe.
- Hy was baie bekommerd oor sy pa.

2.2 2.2.1 Twaalf jaar oud.

2.2.2 Hulle het jeans en swart T-hemde aangehad/hulle het nie pakke klere met dasse en wit hemde gedra nie.

2.2.3 Dok Pienaar

2.2.4 Xander het die video van hoe sy pa doodgemaak is, vir Greg aangestuur.

2.2.5 Hy hoor nêrens in die video sy pa se stem nie.

2.3 2.3.1 Hy vertel hom van die gebrande boek/Dr. Rian Trollip/die oproepe van die dokter se vrou/sy besoek aan die tronk/die inbraak in sy woonstel/ die feit dat sy pa hom gewaarsku het.

2.3.2 Greg mag nie sy dogter/Lisa hierby betrek nie.

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 3 DIALOOG: BELANGRIKE PLEKKE**

3.1 Ek wou by hom gaan kuier/**OF** wou weet hoe dit met hom gaan/**OF** wou hom gaan vra het wie die Baker is.

3.2 Nee, net dat ek die Baker moet uitlos/**OF** nie die Baker moet soek nie/**OF** dat dit gevaarlik is om die Baker te soek *(enige een)*.

3.3 Tom/Die tereinbestuurder van Lawson College.

3.4 Iemand het foto's van Ma by 'n winkel na my Dropbox gestuur.

3.5 (Ek moes dit vernietig/verbrand/breek), omdat dit baie inligting op gehad het.

3.6 Ayla

3.7 Haar pa was 'n Suid-Afrikaner.

3.8 Xander het gevoel ek steek nog inligting vir hom weg/
**OF**
Xander het die chemiese formules (van dodelike stowwe) herken.

3.9 Sultanahmet-distrik/Basilica Cistern/Hagia Sopia/Holy Wisdom of Heilige Wysheid/Grand Bazaar (enige een)

3.10 gif/Novichok/'n klandestine bestanddeel

3.11 Florence

3.12 Ek het **sy adres** op 'n dokument gesien.

3.13 Ons het 'n sneltrein na Venesië geneem.

3.14 Xander het die Baker geskiet.

3.15 Plank het die transponder in sy hand ingeplant/gesit en die transponder was in my naam geregistreer.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4 VRIENDSKAPLIKE VERHOUDINGS

---

### 1. Inleiding

---

**PARAGRAAF A Greg en Plank**

Lawson Kollege

Plank bly in dieselfde koshuis waar sy pa as student gebly het (tradisie).

Sodat Plank daar kan uithang.

Plank besoek toeristeplekke, koop geskenke en gesels met straatverkopers.

Candon

Xander dring aan dat Greg kies tussen hom en Plank/Plank stel hulle die heeltyd in gevaar.

---

**PARAGRAAF B Greg en sy vriendinne**

Nicole is Greg se eks-meisie/sy vorige meisie wat graag weer met hom wil uitgaan./ Sy het ook haar baba vir Greg kom wys.

Chloe Adams

Lisa

Haar pa herken Greg as 'n *hacker*/kuberkraker/krimineel/seun van 'n krimineel.

Lisa het regtig baie van Plank gehou – haar hart sal gebreek wees omdat hy dood is.

---

**PARAGRAAF C Greg en Xander**

Ja, hy het Greg gehelp om die Baker op te spoor en te laat betaal vir wat hy gedoen het.
OF
Nee, bv. Xander het Greg se gesin verwoes (motivering).

Beide Greg en Xander gaan sonder hulle pa's moet klaarkom/aangaan met hulle lewens.

Greg het geweet dat Xander goeie kennis van die Donker Web het/Hy het gehoop dat Xander dalk weet wie die Baker is.

Greg kon probeer om hom vas te trek/aan die polisie uit te lewer/Greg kon wraak neem op Xander vir wat hy gedoen het.

Xander het die Baker/Adriaan Stadler doodgeskiet.

IEB Copyright © 2024

**PARAGRAAF D The Butcher, the Baker and the Candlestickmaker**

Thomas Lawson wou Greg uitnooi na 'n partytjie/ete by sy huis.

Sebastiaan Stadler/Muldred Fortuin (Valentine)/Elbert Swartz/Rebecca Lawson/ Generaal Winters/Gabby van Kampsbaai Hoërskool *(enige een)*

Mnr. Lawson wou weet waarom Greg Sportwetenskap ('n nuttelose kursus) studeer/waarom hy nog "*hack*" en dalk wou hy Greg by sy besigheid betrek het. OF
Hy raai Greg aan om nie sy brûe te verbrand nie.
(enige een)

---

**SLOT**

---

## Taal en Struktuur

| **INHOUD (20)** | Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die **nasienriglyne** van die betrokke vraestel. |
|---|---|
| **STRUKTUUR EN TAAL (5)** | **KRITERIA** |
| **5 punte** | **Struktuur:** Oorspronklike/kreatiewe inleiding en slot; feite **uitsonderlik** uiteengesit.<br>**Taal:** Puik |
| **4 punte** | **Struktuur:** Goeie inleiding en/of slot;<br>Feite **sinvol** uiteengesit.<br>**Taal:** Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog. |
| **3 punte** | **Struktuur:** Geen inleiding en/of slot nie;<br>Feite **verstaanbaar** uiteengesit.<br>**Taal:** Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed. |
| **2 punte** | **Struktuur:** Geen inleiding en/of slot nie;<br>Opstel hortend en **vloei nie**.<br>**Taal:** Oormatige taalfoute. |
| **1 punt** | **Struktuur:** Geen inleiding of slot nie.<br>Paragrafering swak; feite **verwarrend**.<br>**Taal:** Swak taalgebruik, oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar. |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 5 E-POS

**Situasie:**

Skryf 'n e-pos aan 'n universiteit/kollege/opleidingsentrum waarin jy hulle vertel wie jy is en wat jy wil studeer. Vra ook vir die inligting wat jy nog nodig het.

**Opdrag:**

Skryf 'n e-pos waarin jy:

vertel wie jy is;
vertel wat jy wil studeer en hoekom jy dit wil studeer;
vra hoeveel geld jy moet betaal/hoeveel geld die kursus kos;
vra wanneer die sluitingsdatum is; en
vra of daar blyplek/akkommodasie beskikbaar is en hoeveel dit kos.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande punte indeel.
- E-pos moet 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Totale getal woorde moet aangedui wees.**
- Die korrekte formaat moet gevolg word.

Aan: ____________________________________________

Onderwerp: ______________________________________

==========================================================

Geagte mev. Yaka (*persoon se van*)

Byvoorbaat dank

(*Jou naam*)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 DIALOOG

**Situasie:**

Skryf 'n kort dialoog tussen jou en jou vriend(in) waarin julle mekaar groet/vir mekaar totsiens sê omdat julle nie aan dieselfde universiteit/kollege/opleidingsentrum gaan studeer nie

**Opdrag:**

In jou dialoog moet jy en jou vriend(in) **elkeen ten minste drie keer praat.** Maak seker dat jy ...

- vra wat en waar hy/sy gaan studeer;
- sterkte/voorspoed toewens; en
- vra dat julle in kontak moet bly.

**Instruksies:**

- Elkeen moet ten minste **drie keer** praat.
- Die inhoud moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Getal woorde moet aangedui word.**
- Formaat moet gebruik word.

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024